# Lesing 1 - 22 Oktober 2022 - Openbaringe aan die eindtyd vir Dogter van Sion

Woord aan Nalize op 27/3/2014 (3:30am)

Ek, Jahshua, Jahweh, die Een wat alle lewe op aarde geformeer het wil hê dat ieder en elkeen wat toegewy is tot **die herskepping van sieledele in Liefde** hierdie boodskap hulle eie moet maak. Kyk op na My en vra My wat die les vir jou is daarin, want elkeen se les sal verskil. Amein.

1 - Lewe elke dag asof dit jou laaste dag is, in Liefde.

2 - Lewe met die oog op jou nagedagtenis op aarde.

3 - Lewe, want in die dood is lewe net 'n wens.

4 - Ywer, want in elke dag is daar net soveel krag jou gegun.

5 - Soek My, want Ek sal vir jou deure oopmaak wat jy nie verwag het of gedink het moontlik is nie.

6 - Lewe in oorgawe, sodat almal die gawe van Lewe deur jou kan waardeer.

7 - Onthou jy is My Beeld onder mense en HOE jy lewe vorm ander se persepsie van My.

8 - Dra My as jou embleem, deur goed te doen aan ander en geduld toe te pas in jou werke.

9 - Bly nederig, sodat Ek jou met 'n kleed kan oordek en dit jou sal bedek. Wees nie groter as die kleed, sodat dit jou in skaamte dompel nie. Amein.

Ek Jahshua WIL dat My geliefdes fokus op My, al bly hulle daagliks besig met harde arbeid in die vlees. Bly in gebed, soos in die vastyd, sodat jou hart verseël kan bly van die wêreld se sorge en verleiding. Mag die vlees julle geleentheid bly tot veredeling van julle siele en hoegenaamd nie die las tot verleiding en ondergang wat Satan dit maak om te wees nie. Amein.

Ek, Jahshua, julle Meester, nooi weer die skares van My volk, verstrooi oor die wêreld, om deel te word van die Liefde, as lewenswyse op aarde. Vele geloofsgroepe het reeds die neiging begin, maar verstaan nog nie die sieleleer rondom dit nie. Laat My voorbeeld in julle ander lei tot gesprekvoering daaroor en slegs dan mag julle My geheimenisse aan hulle openbaar. Amein.

Ek wil dat jy wat hier lees weer hierdie skryfstuk sal lees om elke woord jou eie te maak as versterking en herinnering, want die pad word nouer. Amein.

Hou vas aan My en bid My **om Lig te werp op jou roeping,** want net Ek kan dit aan jou openbaar. Amein.

Ek sal julle verlos, My Volk. Hou nie die tyd dop nie, want geeneen sal voorbereid wees op die uur wat Ek ingryp nie. As jou ankers egter in My en nie die Tyd lê nie, sal jy saam met My beweeg, soos Ek versoek. Amein .

Met Liefde gegee aan elkeen wat na My verlang. Amein.

Onthou! Onthou! Onthou wat EK, EK IS WAT EK IS!, wat julle deur My dogter gesê is! Onthou dat julle, My Bruid, suiwer voor My moet staan. **Jou suiwerheid kan jy slegs bereik deur My kruis op te neem**. Onthou dat jy SLEGS tot lewe gewek kan word deur jou self te kruisig! TREE IN! TREE IN! TREE IN! Tree in dat EK, EK IS WAT EK IS! My boodskapper kan stuur om die aarde te skud. Dat die gevangens waar Myne teen My wil gehou word deur MY, EK IS WAT EK IS!, losgebreek kan word! Het ek nie my Abraham uit die dieptes van die vuur gelei nie. Het EK nie my Simson se toue gebreek nie? Het EK nie My Paulus volledig in Vryheid gebring nie?

Het jy gesien? Het jy gesien? HET JULLE GESIEN?! Het julle nou gesien dat julle sonder My in die duisternis verlore sal wees in alle ewighede? Het julle nou gesien dat julle julleself vernietig as EK, EK IS WAT EK IS!, dit slegs sou bedink om julle vir 'n breekdeel van ‘n fraksie van 'n, vir julle, millisekonde sou laat los!?

Gee ag! Gee ag! Gee ag! Hierdie wierook wat deur julle na MY gestuur is vanaf die altare van My kinders, het welgevalle voor My gevind. Wee! Wee! Wee! Wee wanneer EK DIE WOORD VAN OORDEEL EN VERGELDING SPREEK! Glo My kinders glo, dat EK ABBA JULLE GETROUE VADER JULLE NOOIT SAL VERLAAT NIE! In 'n ewigheid kan die Liefde nooit homself verlaat nie. JULLE IS MYNE EN EK IS JULLE LIEFDE. Daarom sal die Vader neerdaal op die vyande van Syne want julle vyande is MY vyande!

Watter Koning sal wanneer Hy weer tuiskom na 'n reis, en dan vind dat die wat Hy aangestel het, gehoer het met Sy diensmeisies en Sy dogters, en hulleself verswelg het in Sy rykdom en skatkamers, Hom nie op hulle goddeloosheid en ongeregtigheid neerstort nie? Sal Hy nie hulle gevangeneem en hulle uitwerp in die duisternis nie.

My tyd is naby! My tyd is naby! Maak gereed! Ek sal uitbreek, afbreek, uitlei, aflos, verlos en BEVRY! Voorwaar dit is slegs EK, EK IS WAT EK IS!, wat jou uit die dieptes van die oseane van ongeregtigheid, goddeloosheid en koue liefdeloosheid kan en sal uitruk sodat jy, **MY DOGTER EN MY BRUID, saam met My opgehef sal word en sal skyn en skitter aan die hemelkoepel van My skeppingsaarde!**

EK verlos! EK verlos! EK VERLOS!

EK IS WAT EK IS!

Woord aan Nalize Roets op 5/4/2014 (3h30)

Nog 'n dag breek aan, waarop My Woord sal uitgaan na die wat daarna verlang. Ek breek die moed van die selvoldanes en **gee die Krag aan die Dawids onder julle** om die **Goliat van onderdrukking** se skerpioen-steek te ontwyk en hom onkant te vang. Soos 'n gladde rivierklippie Dawid en sy Volk gered het, sal 'n **gelouterde steen uit My edelvolk** ook My Volk red van ondergang, want Goliat staan weer in sy oorweldigende hoedanigheid voor julle en bespot My. Amein.

Genoeg het Ek gehad van die bespotting en venyn,

want sonder My het Goliat ook geen asem van die Lewe in Hom gehad nie. Genoeg is genoeg, roep Ek aan die engele wat die winde laat draai. **Laat die emmer bloed nou omval en die suiweres gered word**. Laat die wie se poorte verseel was met die Bloed van die Lam tydens Pasga by My vergader. Amein.

Die uur het gekom vir julle om die aardse eers eenkant te laat en op My te vertrou. Ek alleen bring skeiding onder geliefdes **om die te red wat Ek uitverkies het** en die te neem wat 'n ander kans moet kry. Amein.

Laat My Woord uitgaan na die uithoeke van die aarde, want die jaar waarin gesif word is hier. Die jaar van loutering en reiniging het 'n aanvang geneem en **Ek, JaHWeshua staan met My Swaard en kyk na elke wil voor My aangesig.** Amein.